
1JH 5:1 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [6]

Die merkteken van geloof (4) E249

Ons is besig om te besin oor die vraag wat 'n ware Christen is. 1 Johannes het ons gesien, spreek die vraag uitdruklik aan. Tans is ons besig met die eerste merkteken, naamlik dat Jesus die Christus is.

Ons het tot nou toe hoofsaaklik gekonsentreer op mistastings oor wat geloof is. Nou moet ons begin fokus op wat saligmakende geloof wel is.

Die elemente van ware ware geloof

- 'n Illustrasie kan dalk help om te verstaan:

Jy beland vir die eerste maal in jou lewe op 'n groot internasionale lughawe in 'n vreemde land. Groot passasiersvliegtuie styg elke paar minute op na talle bestemmings regoor die wêreld. Jy moet halfpad om die aarde - New York toe. Heel eerste moet jy vasstel hoe laat jou vlug vertrek en deur watter een van die paar dosyn hekke jy aan boord moet stap. Jy benodig dus kennis. Maar, soos dit maar met sterflinge in so 'n situasie gebeur, pak 'n verskriklike vertwyfeling jou beet nadat jy die massas inligting op die groot elektroniese bord ontrafel het. Vertolk ek al die vreemde syfers en afkortings reg? Sê nou ek stap deur die verkeerde hek en beland in Tokio? Soos 'n gewone mens kan jy op hierdie stadium nie die versoeking weerstaan nie om iemand te vra wat lyk of hy weet wat aangaan. Jy soek dus versekering, oftewel oortuiging. Iemand verseker jou jy is op die regte pad. Nou bly net een ding oor: om aan boord te gaan - jou as't ware aan die loods en sy vliegtuig oor te gee, jou aan hulle toe te vertrou. En almal

van ons ken die tot rus kom as jy uiteindelik in die vliegtuig jou sit kry.

Let op dat jy nóóit aan boord sal gaan en jou aan die loods en vliegtuig sal toevertrou, as jy nie daarvan oortuig is dat dit die regte vliegtuig is nie. Meer nog, sonder die nodige inligting, die kennis, is daar geen sprake van enige oortuiging nie.

- Net so het ware geloof drie elemente: kennis, oortuiging en vertroue. Vir soveel eeue al begryp Christene dit, dat daar spesiale Latynse benaminge hiervoor is: "Notitia", "Assensus" en "Fiducia".

Al drie hierdie elemente is noodsaaklik voordat daar egte saligmakende geloof kan wees.

Geloof is kennis

- Kennis is nie geloof nie, maar sonder kennis kan daar nie geloof wees nie. *Saligmakende geloof het inhoud!* Geloof is mos nie eg as die inhoud vals is nie. *Ware geloof het "ware waarheid" as inhoud.*

- Hoe sal jy op die regte vliegtuig klim as jy nie die nodige inligting het en verstaan nie? Dis waarom die apostel Paulus skryf: "En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus" (Rom 10:14,17).

- Geloof op sigself, geloof sonder meer, sal niemand red nie. Dan is dit geloof in geloof. Dan stel die mens sy vertroue op iets in homself - wat ten diepste afgodery is. Ware geloof nael sy oë vas op iets - nee, op iemand! - buite die self.

- Let op dat nie maar enige objek in orde is nie. Ek het eenmaal 'n alkoholis geken wat sy vertroue op 'n bierblik op sy kaggel gestel het om van sy dranklus vry te kom! Kan so iets verlossing bring? Onsinnig!

- Wat is die kennis wat noodsaaklik is vir saligmakende geloof? Wat is die inhoud daarvan?

Johannes gee die antwoord as hy in 1Joh 5:1 oor die merkteken van geloof praat: "Elkeen wat glo "dat Jesus die Christus is, is uit God gebore ...".

Nog eens sit daar in hierdie eenvoudige stelling veel meer as wat op die oog af blyk. Daaroor swyg die res van die Nuwe Testament vir seker nie!

Belangrik soos dit is, gaan dit hier om meer as 'n klomp feitekennis; dit gaan om waarheid wat midde in die opregte soeke na sin en sekerheid deur die hart gebrand het. Dit gaan dus nie om eksamens en sertifikate nie, maar om *ware waarheid* (soms embrionaal min) wat in die hart gekoester word en kosbaarder as goud geag word.

- Daar is voorbeelde in die Nuwe Testament van mense wat gered is met 'n baie eenvoudige en embrionale kennis van Christus se versoeningwerk. Hoeveel het die misdadiger aan die kruis verstaan? En sedertdien het soortgelyke bekerings sekerlik male sonder tal plaasgevind.

Die essensiële is waarskynlik dat iemand, oortuig van sy eie sonde en geestelike bankroetskap, vir vergiffenis en aanvaarding deur God sy volle vertroue in Christus as Middelaar moet stel.

Kyk mens mooi na die misdadiger aan die kruis se woorde, sien jy dat hy inderdaad meer verstaan het as wat mens geneig is om te dink (Lk 23:40-43).

Hoe dit ook al sy, niemand mag bloot staat maak op God se geduld met jou onkunde oor Christus en Sy werk nie. Niemand durf redeneer nie dat, aangesien sommige so gered is, hy ook maar kan volstaan met 'n minimale kennis. Ook mag geen evangelis tot rus kom voordat sy hoorders nie die wesenstrekke van die evangelie, soos hieronder beskryf, deeglik gehoor het nie.

Wat is hierdie wesenstrekke van die evangelie?

- Eerstens moet ten minste iets verstaan word van wie God is. Besonderlik moet ek weet dat Hy 'n heilige God van geregtigheid is wat mense aanspreeklik hou, hulle oordeel in terme van Sy standaarde en alle mislukking en rebellie met die ewige dood straf (Hd 17:30-31).

Waarom moet ek dit weet? Dis o.a. 'n

voorvereiste vir die volgende punt.

- Tweedens moet so 'n mens ten minste begryp dat hy 'n skrikwekkende probleem het, en dat hy nie naastenby kan begin om God se toets te slaag nie. Sonde- en skuldbesef is dus nodig.

Waarom? Omdat 'n mens daarsonder nie regtig belangstel in God se oplossing vir jou dilemma nie. Dis hiérdie kennis wat die evangelie werklik goeie nuus vir 'n mens maak. En dit lei dan tot die derde punt - waarom dit uiteindelik gaan.

- Derdens moet mens darem 'n basiese kennis oor *Jesus Christus* hê. Sonder om te beweer dat 'n baie gesofistikeerde kennis van onderstaande noodsaaklik is, is 'n basiese kennis van jou Verlosser en Sy middelaarswerk nodig om Hom in integriteit en met die nodige erns te omhels. Dit is daarom 'n evangelis se verantwoordelikheid om toe te sien dat die persoon met wie hy werk soveel as moontlik verstaan oor die Persoon en werk van Jesus Christus. Voordat iets van onderstaande nie in 'n soeker se gemoed vasgelê is nie, is die evangelis se werk nog nie afgehandel nie.

- *Christus se Persoon.*

Die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid het mens geword ten einde middelaar tussen sondaars en God te wees (Jh 14:6; Hd 4:12; 1Tm 2:5; 1Jh 4:2).

- *Christus se kruisiging en dood.*

'n Sondaar wat glo se skuld, en die gevolglike straf, word aan Christus toegereken (gedebiteer). Dis waarom Hy so 'n verskriklike dood móés sterf. En onthou, terwyl duisende in daardie dae 'n wrede kruisdood gesterf het, was Sy kruisiging oneindig meer - die sondelose en ewige tweede Persoon van die goddelike Drie-eenheid het die ewige verdoemenis van miljoene uitverkorenes deur alle eeue namens hulle verduur!

Presies dit is die hartverskeurende, maar ook wonderlike goeie nuus wat elke potensieële bekeerling moet hoor en verstaan (Rm 3:25-26;

2Kor 5:21; Gl 3:13).

- *Christus se lewe van volmaakte gehoorsaamheid aan Sy Vader.*

Hierdie geregtigheid word aan 'n sondaar toegereken (gekrediteer) wanneer hy of sy glo. So 'n persoon se "saldo in God se boeke" word dus nie bloot van 'n verdoemende negatief tot nul gelig nie (soos die vorige punt wil tuisbring); dit word verder verby die nulpunt gevoer tot 'n heerlike positief. Hierdie positiewe saldo - gelyk aan die van Christus, want dis Sy geregtigheid wat aan 'n gelowige toegereken word - laat so 'n splinternuwe gelowige dadelik kwalifiseer vir die ewige saligheid. (Rm 1:16-17; 4:1-5:21).

Dis die verskil tussen Adam voor die sondeval en iemand wat vandag gered word. Adam se "saldo" was nog nul en hy moes die ewige lewe verwerf deur volgehoue gehoorsaamheid (hoe lank dit sou voortduur, weet ons uiteraard nie). Maar daarin kon hy nie slaag nie. 'n Geregverdigde mens is egter alreeds skatryk aan geregtigheid - Christus s'n. Hy kwalifiseer dus met vlieënde vaandels!

- *Christus se opstanding.*

Dit behels heelwat meer, maar ten minste is dit die Vader se versekering dat Sy Seun volmaak gehoorsaam gelewe het en Sy reddingsmissie suksesvol voltooi het (Hd 13:32-35; 17:31; Rm 1:4; 4:25; 1Kor 15:12-23). Dit is die finale waarborg dat elke en enige sondaar wat deur 'n ware geloof geregverdig is, se pad na die ewige saligheid finaal en onomkeerbaar oopgemaak is.

- *Christus se Koningskap.*

As 'n sondaar regverdig verklaar word (soos hierbo verduidelik), word hy of sy dadelik geroep om in Jesus se voetspore te volg.

Nou mag iemand sê, "ek het geweet hierdie evangelie is net te goed om waar te wees; ek het geweet daar is iewers 'n vangplek."

Allermens! Want - heerlike waarheid! - daar word nie van so 'n bekeerling verwag om die onmoontlike te doen nie. Ware geloof en

wedergeboorte loop hand aan hand. En 'n wedergeborene se hart begin nie net dadelik brand om die Verlosser te gehoorsaam nie; so 'n persoon se nuwe hart waarop God se wette geskryf staan, is ook daartoe in staat - natuurlik nie volmaak nie. Maar verwag 'n ouer van 'n driejarige om hom volmaak in alles na te doen? Die diepste vraag is nie waartoe ek alles in staat is nie, maar wat die gesteldheid en gerigthede van my hart is.

Die Here se evangelie en gepaardgaande verlossing is nie goedkoop nie; ook nie duur nie - dit is gratis!

- *Christus se wederkoms.*

Terwyl regverdiging deur die geloof alleen 'n heerlike waarheid is en bly, is dit ook so dat die finale vervolmaking van my verlossing nog toekomstig is (1Kor 15:24-26; 2Tm 1:10; Op 20:14). Nie alleen word die egte Christelike lewe gekenmerk deur geloof en liefde nie, maar ook deur hoop. Maar ook dit werk die Heilige Gees in hulle wat deur 'n ware geloof met Christus verenig is (Rm 8:23-25; 1Kor 15:35-58; 1Ts 4:13-18).

- Kan jy sien? Dit gaan van A tot Z oor Jesus Christus! Dis dan ook waarom die apostels niks anders as "Christus" gepreek het nie [1Kor 1:17 - 2:5 (veral 1:17-18, 23-24, 30-31, 2:2)].

Om te evangeliseer, is nie bloot om te preek dat die spoeg spat, om soos 'n markafslaer te skree, en met jou arms te swaai asof jy met bye baklei nie. Nee, dit hou altyd 'n beduidende stuk Bybelling in. *Want geloof het inhoud!*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906